
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

HOE MOET EK BID

In die voorafgaande nuusbriewe het ons beklemtoon dat dit God se Wil is dat jy gesond, gelukkig en voorspoedig moet wees en as daar siekte, ongeluk en armoede oor jou lewe kom, is dit satan wat dit oor jou bring. Wanneer jy dan jou situasie na God toe geneem het, glo, sonder twyfel (Mark. 11:23) dat daar van nou af veranderinge in jou lewe gaan kom (Rom. 12:3, Matt. 17:20). Maar satan sal gou weer sy kop uitsteek en as jy nie onmiddellik verandering in jou omstandighede sien, of verbetering in jou siektetoestand nie, gaan hy twyfel saai in jou hart. En dis hier Geliefde, wat ek vir jou wil bekendstel aan 'n baie belangrikste geestelike waarheid, ag sommer 'n nuwe lewenswyse. En ek wil jou vra om jou gees hiervoor oop te maak en dit vas te gryp, want hierdeur sal jy nie net twyfel van satan kan vernietig nie, maar God sal jou omstandighede in jou lewe verander.

Onthou jy toe Jesus vir 40 dae in die woestyn was en die duiwel Hom versoek het, wat het Jesus as wapen gebruik? (Luk. 4:1-13) Ja, die Woord van God. Hy het elke keer vir satan verjaag met: **Dit is geskrywe.** Kom ons kyk na jou siekte: ons het saam gebid, en omdat ons in Jesus se Naam vir jou genesing gevra het, het God onmiddellik begin genees. Jy kan dit dalk nog nie sien of voel nie,) maar in die geestelike sfeer is dit reeds gedoen, maar dit moet nog na die uiterlike manifesteer. Nou val satan jou aan en sê: "Maar is jy seker jy is genees – wat van al die pyn wat jy nog verduur?" Dan sê jy vir hom: Daar is geskrywe: **Jesus Christus het vir ons sondes en ons siektes aan die kruis gesterf en deur Sy Wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4-5)** Daarom is ek genees volgens God se Woord en mettertyd gaan ek ook sien en voel dat ek genees is. Ek verjaag jou nou satan, in Jesus se Naam. (Jak. 4:7)

Miskien moet jy dit elke halfuur doen, miskien vir dae of weke, maar glo my, nie net jou eie geloof gaan opgebou word soos jy jouself hoor spreek nie, maar jou siekte gaan verdwyn en jy sal gesond word, volkome! God se Woord het omstandighede verander! (Ps. 107:20 en Spr. 4:22) Skrifdele wat verband hou met jou situasie moet daaroor uitgespreek word, maar die belangrikheid lê daarin dat dit gereeld en met elke aanval voortdurend gedoen moet word. As jy

kinders het wat in hulle jonkheid ongehoorsaam en opstandig is, sê elke dag OOR en VAN hulle wat God se Woord van hulle sê en nie wat jou oë sien hoe hulle optree nie! En geleidelik sal daar verandering by jou kinders kom, want God se Gees sal hulle in ooreenstemming bring met God se Woord. En dan moet jy aanhou om elke dag God se Woord oor hulle te spreek, want dis daardie Woord wat hulle beskerm en bewaar en standvastig hou. (Daar is lewe of dood in die tong) Presies dieselfde prosedure kan gevolg word vir 'n wansituasie in 'n huwelik, of materiële te kort, of 'n onderhoud vir 'n nuwe werk, of die aflê van 'n belangrike eksamen – die hoeveelheid situasies is menigvuldig, want God se Word kan elke situasie verander. 'n Waarskuwing is egter ook gepas: onthou hierdie sê van die Woord is nie 'n tower formule of ritueel gebed of positiewe denke nie, maar moet met groot erns en 'n diepe geloof in God se vermoë in jou hart gedoen word. En jy moet sorg dat jou verhouding met jou medemens reg is, en dat jou lewe getuig van jou gehoorsaamheid aan Sy opdragte.

Kyk weer na Genesis vers 1 – merk jy hoe God alles geskape het? Gen. 1 vers 3: **En God het gesê ..... .** Deur Sy Woord het God geskape. Lees in die Nuwe Testament hoe Jesus Christus selfs met die vyeboom en die golwe van die see en die wind gepraat het, en hulle het verander. Hierdie selfde beginsel van God se Woord te glo en oor jou omstandighede te spreek, kan kragtig werksaam wees vir jou man wat 'n drankverslaafde is, of vir jou seun wat 'n huweliksmaat soek of vir innerlike probleme soos vrees. (i.v.m jou huwelik beveel ek ons boek aan getiteld 'N SUKSESVOLLE HUWELIK)

Dit is egter op hierdie stadium ook paslik dat ons net 'n rukkie sal stilstaan en ons gesindheid teenoor die Woord sal in oënskou neem, want hierdie gesindheid sal outomaties ook ons gesindheid teenoor God Self weerspieël. Die Woord is tog God wat met ons praat. **God en Sy Woord is een en dit behoort vir jou so werklik te wees asof Jesus by jou staan en persoonlik met jou praat. Joh. 1:1 bevestig dit: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.**

Kom ons kyk wat dink God van Sy Woord. **Matt. 24:25: Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.**

Luk. 16:17: Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel (d.i. komma of punt) **van die wet** (die Woord) **sou val.**

Heb. 13:8: **Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.**

Omdat ons weet Jesus Christus was die vleesgeworde Woord kan ons soos volg sê:

Die Woord is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Ps. 119:89: Vir ewig, o Here, staan U Woord vas in die hemele. Jes. 55:1: So sal My Woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Jer. 1:12: .... want Ek is wakker oor My Woord om dit te volbring.

God het ons Sy Woord gegee om volgens te lewe. God het ons Sy Woord gegee om uit te styg bo swak omstandighede. **Die Woord van God is ons Wapen.** In Ef. 6:17 word dit die Swaard van die Gees genoem. Ons het reeds genoem hoe Jesus tydens die versoeking in die woestyn deur satan slegs hierdie Swaard as wapen gebruik het. Moet nie toelaat dat enigiets of iemand jou verhinder om God se Woord te bely en oor jou omstandighede uit te spreek nie. **Die Woord is jou kontak met God. Dit is God se kontak met jou!**

In Heb. 4:12 lees ons dat die Woord IS (teenwoordige tyd). Die Bybel spreek NOU tyd, daarom, elke keer as jy die Bybel lees, spreek dit in/vir daardie oomblik.

Want die Woord van God is LEWEND en KRAGTIG en SKERPER as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.
God se Woord is Lewe! Jesus is die Woord, en die Woord LEWE. Dit LEWE wanneer die gelowige dit uitspreek. GLO wat jy sê volgens God se Woord.
God se Woord produseer of bring voort! Die gesproke Woord werk wanneer ons dit uitspreek. Jesus sê in Joh. 15:7: **As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry.** Ons lees ook in Joh. 8:31-32: **En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my Woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.**
Hier is 'n baie belangrike sleutel waarom ons gedurig die Woord moet bestudeer en oordink en memoriseer, sodat dit IN ONS KAN BLY, in ons binneste in ons gees kan woon.
Nou moet jy die Woord, God se belofte, wat op jou omstandighede van toepassing is, uitsoek en GLO en HARD OP BID. Die resultate en verandering sal soms baie langsaam kom, maar deur hierdie gebed bou jy jou geloof tot dit so sterk is dat die berge sal skuif volgens Matt. 17:8, en jy sal met jou fisiese oë sien hoe die veranderinge kom in jou en jou geliefdes se lewens.

Terselfdertyd hoor satan ook God se Woord en hy vlug, want jy weerstaan hom soos die Bybel voorskryf met God se tweesnydende swaard. (Jak. 4:7)
Ps. 138:2: **..... want U het U Naam en U Woord bo alles gestel** (King James Vertaling: **..... for thou hast magnified thy Word above all thy name).** Weereens onderstreep dit hoeveel waarde God aan Sy Woord heg. Daarom kan jy as Sy Kind, verseker wees dat die ernstige en toegewyde spreek van Sy Woord in jou lewe, wondere gaan verrig! – AS JY DIT IN JOU HART GLO EN MET JOU MOND DIT BELY!!

THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE
(Click to view)

'n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
Die Doop en Tradisie
Die Kerk oppad na Volmaaktheid



Skatkis

Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof — die verlossing van my aangesig en my God! (Ps. 43:5)

Hierdie gevoel kom ‘n paar keer in Dawid se Psalms voor. Hy vra aan homself waarom hy moedeloos en depressief is, alhoewel hy rede gehad het om te wees, as hy na die omstandighede gekyk het wat dit veroorsaak het, sien hy die oplossing. (Hy was ‘n voortvlugtige, op vlug van sy vyande, agtervolg en gehaat, sonder ‘n huis of koninkryk).

Wanneer omstandighede ons oorweldig of ons ervaar moeilike of onmoontlike omstandighede, is daar net een plek om na te kyk en dit is na bo!

Dawid beantwoord sy eie dilemma deur te bevestig dat hy op God sal hoop. Hy het gekies om God te vertrou met sy lewe en situasie, want God was sy Verlosser. God het nie net Dawid se lewe verlos vir die ewigheid nie, maar ook die tyd van toetsing en die belofte het ook sy aardse lewe ingesluit.

Nota oor Donasies

Geliefdes,
Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.
Ons waardeer elkeen van julle
Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefde Hoop

O, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie (Ps. 27:13).

Volkome Oortuig
In Ps. 27 het Dawid alle soorte dinge teen hom gekry. Hy het elke geleentheid gehad om ‘n lewe van nederlaag en ontmoediging te leef. Hy het gesê dat vyande gewag het om hom aan te val, hom beskuldig het van dinge wat hy nooit gedoen het nie. Mense het leuens oor hom vertel, was gemeen en geweldadig. Dit het voorgekom asof hy oorweldig was deur probleme en ongeluk. Maar die oomblik toe jy gedink het dat hy verslaan was, sê hy: “As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien.” Hy het gesê: “Al hierdie negatiewe dinge het teen my gekom, maar die een ding waarvan ek seker is is dat God my sal verlos en verdedig. Ek is verseker dat ek Sy guns sal sien.” Hy het nie ontken dat negatiewe dinge gebeur nie; hy het net nie toegelaat dat hulle binnekom nie. Hy kon oorweldig word deur selfbejammering en ontmoediging, maar in plaas daarvan het hy dit omgedraai en oorgeloop met hoop. Hy het gesê: “Ek is verseker. Ek is volkome oortuig dat ek die goedheid van die Here sal sien. Genesing kom. Deurbrake kom. Oorwinning is oppad.”

Laat ons saamstem:
“Vader, dankie dat U my Verlosser en Verdediger is wanneer negatiewe dinge teen my kom. Dankie vir die volkome vertroue wat ek kan hê dat as ek aanhou om vorentoe in geloof te beweeg, ek U goedheid sal sien. Ek glo dat U my sal verstom met U goedheid. In Jesus se Naam, Amen.”

Geliefdes, baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning van die bediening, deut gebede en donasies. Ons is so dankbaar, want daarsonder sal ons nie kan voortgaan om siele vir die Koninkryk te wen nie. Wees verseker van ons gebede en liefde vir elkeen van julle.

Meg Van Zyl en die Gebedspan



THE JOY OF THE LORD IS MY STRENGTH

We read in Nehemiah 8 verse 1: The Walls had been restored, the breaches all closed up, the gates had been hung, watchmen put into place, “a good work” had been done by the people, and now it was time for them to gather together as one body before the Lord! They gathered in front of the Water Gate. Water was for cleansing and renewal (purification), and through the Water Gate the water was brought to the Temple for washing and cleansing. It is through this Water Gate that we need to come before the Lord. Once we have repented and our spirit man has been regenerated by God’s Holy Spirit we need to, in obedience to God’s Word, go through the water of baptism. The Jews before going up to the Temple to offer their sacrifices had to go through the “mikveh baths” at the foot of the Temple. There were two sets of stairs one to go down into the water and one set to come up out of the water. This signified a “new life” (ceremonially cleansed). You then made your way up the stairs which were not evenly cut, but of different depths, so that the one going up would not be able to just walk aimlessly, but had to watch each step, so as not to trip and fall. On the way up the stairs there would be different Rabbis teaching their disciples about God’s Word. So by the time you got to the Temple itself you had gone through a really spiritual experience. When we go through the waters of baptism we are not only presenting ourselves to God as being “ceremonially cleansed”, but also showing that we are dead to the flesh, going under the water, and alive to the spirit, as we are raised out of the water . Rom.6:4 Therefore we were buried with Him through baptism into death that just as Christ was raised from the dead by the glory of the Father even so we also should walk in newness of life.

It was the first day of the seventh month, it was the day of the feast of Trumpets on which they were to have a Holy Convocation, a gathering for worship and fellowship, and this creates unity and strength … Now all the people gathered together as “one man”. The Feast of Trumpets takes place in the seventh month and is the first of three feasts commanded by the Lord (Lev.23:24-25). The other two are the Day of Atonement and Tabernacles. For Israel the Trumpets speak of “Gathering”, a time when God calls the people together. These trumpets were made of a ram’s horn called a Shofar, in remembrance of the ram that was sacrificed in place of Isaac. The Day of Atonement was for cleansing (washing of sins), and Tabernacles for provision and protection. The Day of Atonement for us as Christians is symbolic of the price Jesus paid for our sins (we are cleansed by His blood). Tabernacles speaks of the wonderful joy and blessing we have in Jesus. The seventh month is known as Tishri (Sept. /Oct.) The Feast of Tabernacles, also known as Booths, is a festival that remembers Israel’s wanderings in the wilderness. The Israelites were to live in booths during the feast (Lev. 23:40–42). It lasted for seven days. Because it fell at the end of the harvest season, it was also known as the “Feast of Ingathering” (Ex. 23:16; 34:22; Lev. 23:39; Deut. 16:13–15). The last day of the feast is known as Simchat Torah (“Rejoice in the Law”) because it is believed that it was during this time that the Law was given to Moses.

The feast of Trumpets speaks to us today of a future event that will take place - it is when our Lord and Saviour will return to fetch His Bride 1 Thess. 4:13 And now, dear brothers and sisters, we want you to know what will happen to the believers who have died so you will not grieve like people who have no hope. 14 For since we believe that Jesus died and was raised to life again, we also believe that when Jesus returns, God will bring back with him the believers who have died.15 We tell you this directly from the Lord: We who are still living when the Lord returns will not meet him ahead of those who have died. 16 For the Lord himself will come down from heaven with a commanding shout, with the voice of the archangel, and with the trumpet call of God. First, the Christians who have died will rise from their graves. 17 Then, together with them, we who are still alive and remain on the earth will be caught up in the clouds to meet the Lord in the air. Then

we will be with the Lord forever. 18 So encourage each other with these words. (NLT). Trumpets were blown in Israel to gather the people together, to sound the alarm for war, or to direct the movement of the people. So it is with believers in the Messiah, that when the Trumpet sounds from heaven, Christ (Yeshua ha Mashiach) will gather His body, the Church, together, taking them to glory and at the same time He will sound the alarm for war! 1 Thess.5:3-4 For when they say, “Peace and safety! , then sudden destruction comes upon them, as labour pains upon a pregnant woman. And they shall not escape. But you, brethren, are not in darkness, so that this Day should overtake you as a thief. When Jesus comes to take His bride, the Church, home, He will declare war on this world and the anti-Christ, it will be the most horrific time the world has ever been through. Mark 13:19-20: For in those days there will be tribulation, such as has not been since the beginning of the creation which God created until this time, nor ever shall be. And unless the Lord had shortened those days, no flesh would be saved; but for the elect’s sake, whom He chose, He shortened the days. Are we anticipating the sound of the Trumpet?

The people gathered willingly in front of the Water Gate, they stood in unity “as one man.” Not only men but women and children, they came to hear the Word of the Lord. Ezra the Priest was called to bring the Book of the Law and to read it to the people …faith comes by hearing and hearing the Word of God (Rom.10:17). He stood on a platform, not to exalt himself, but so that his voice might carry and so that he might gracefully deliver the Word. He had several assistants, six on his right, and seven on his left. There were others who helped read and expound the Word to those who could not hear, or come within hearing distance of Ezra. One meeting but a team effort, to bring the Word of the Lord! 1 Cor.14: 26 How is it then, brethren? Whenever you come together, each of you has a psalm, has a teaching, has a tongue, has a revelation, has an interpretation. Let all things be done for edification. (Building up) Ezra blessed the Lord, the great God - and all the people answered, “Amen, Amen!” (so be it) while lifting up their hands, (submission), they bowed their heads (reverence) and worshiped the Lord with their faces to the ground. Ezra and the others read out of the Book of the Law from morning till noon, they read distinctly so that those hearing could understand what was being read. This would have an effect on their lives, and not only change them but also those around them. We read in Heb.4:12 : For the word of God is living and powerful, and sharper than any two-edged sword, piercing even to the division of soul and spirit, and of joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart. It is imperative for our spiritual growth for us to gather together in fellowship, so that we can share God’s Word and stand against the attacks of the enemy in a united front. Heb.10:24-25 tells us: And let us consider one another in order to stir up love and good works, not forsaking the assembling of ourselves together, as is the manner of some, but exhorting one another, and so much the more as you see the Day approaching. Neh.8:9 says: “For all the people wept, when they heard the words of the Law”. The Word spoken and heard, moved in the peoples’ hearts, it convicted them of how far they had fallen short of the wonder working power of God’s Word in their lives. This was a good sign, they were teachable and their hearts tender. Ps.51: 17 The sacrifices of God are a broken spirit, a broken and a contrite heart— These, O God, You will not despise. The word “contrite” means “grief over sins, or shortcomings” and this is pleasing to the Lord. Isa.66:2 For all those things My hand has made, And all those things exist,” Says the Lord. “But on this one will I look: On him who is poor and of a contrite spirit, And who trembles at My word.

The Word of the Lord moved in their hearts, their eyes were opened and the truth of God, and His Word spoke measures to their heart and lives. It was bringing life where there had been death, healing where there was sickness, joy where there was mourning. We read in Ps.30:5 For His anger is but for a moment, His favour is for life; Weeping may endure for a night, But joy comes in the morning. Ezra said to them “Go your way, eat the fat, drink the sweet, and send portions to those for whom nothing is prepared.” This is how we should live as believers who have been blessed by the Lord - we can feast and partake of the blessings of the Lord, but we also need to

share out of our abundance as we can, with finance, clothes and food. Acts 20:35 says: I have shown you in every way, by labouring like this, that you must support the weak. And remember the words of the Lord Jesus, that He said, 'It is more blessed to give than to receive.' " Ezra goes on to say "…for this day is holy to our Lord" can we rejoice and be merry on a solemn Holy Day? Yes! The feasts were not for weeping but for rejoicing.There was only one occasion for mourning and fasting and that was the Day of Atonement. The rest of the feasts were to be kept with joy, celebration and sharing. Ezra continued saying "…Do not sorrow, for the joy of the LORD is your strength." Once we have allowed the Lord to deal with us (broken and contrite) we can walk in that mercy and grace and the joy of the Lord will be the strength we need to face the trials and tribulations of this world. We read in Isa.61:3 …The garment of praise for the spirit of heaviness; in the book of Ephesians, Paul tells us 5:19 speaking to one another in psalms and hymns and spiritual songs, singing and making melody in your heart to the Lord. Again in the book of Colossians 3:16 Let the Word of Christ dwell in you richly in all wisdom, teaching and admonishing one another in psalms and hymns and spiritual songs, singing with grace in your hearts to the Lord.

This joy is not one that is conjured up, it is one that is ignited by the Holy Spirit and is not moved by what we see or feel, but remains constant in all situations and circumstances! I can do all things through Christ who strengthens me.(Phil. 4:13) When the Lord has dealt with us through His Word, and we have repented and grieved, we need time to reflect on what has happened and on God's greatness, mercy and love. The past is now behind us and we have the Lord to guide us into the future. Ps. 46:10 Be still, and know that I am God. And as we wait on the Lord, He will not only heal us spiritually but physically as well. Isa.40:31 assures us: But those who wait on the Lord Shall renew their strength; They shall mount up with wings like eagles, They shall run and not be weary, They shall walk and not faint. This verse has much more to it than we receive from first glance "They shall mount up with wings like eagles". We know from scripture that we as believers are under the wings of our sovereign Lord. He shall cover you with His feathers and under His wings you shall take refuge; His truth shall be your shield and buckler. Ps.91:4 . "His truth shall be your shield and buckler"; in other words God's truth (His Word) will be a protection and source of strength to us! During this time of Tabernacles let the Joy of the Lord flood our lives as we come humbly before our God with a thankful heart and a joyful attitude!

(This article by David A Gericke was taken from the book of Nehemiah which can be downloaded from our webpage English books, Please see other books by Dr James van Zyl)

